# <u>‘N WYSE GEBED</u>

TOT DUSVER
Ons is nog nie uitgepraat oor wysheid nie!
**Iemand** het die volgende gesê oor wat wysheid is: *“Wisdom is the quality that keeps you from getting into situations where you need it.”* (Doug Larson)
Ons het **tot dusver** gevind dat wysheid is *om God se plan te ken en daarby in te val.* Ons besef ook dit is *baie kosbaar* – meer werd as enige iets anders (Spr 3:15). Aangesien dit ‘n *gawe van God* is, kan ons daarvoor **bid** (Jak 1:5,17; 3:17).
**Vandag** wil ons stilstaan by die verhaal van ‘n koning wat wel daarvoor gebid het en dit ontvang het. Wie kan **raai** wie dit is?

**Skriflesing**: 1 Konings 2:10-12; 3:3-14; 4:29-34

GOD IS VRYGEWIG
God gee as’t ware vir Salomo ‘n **blanko tjek**: *“Wat wil jy hê moet Ek vir jou gee?”* Dit klink soos **Jesus** se uitnodiging: *“Vra, en vir julle sal gegee word”* (Luk 11:9)
**<u>Ons God is ‘n vrygewige God</u>**. Hy gee graag. Ons *hoef Hom nie* te probeer omkoop of te probeer om sy arm te draai nie. Jesus *waarsku* bv dat ons nie moet dink dat God ons gebede verhoor omdat ons baie woorde gebruik nie (Matt 6:7). Dit is ‘n heidense gedagte. Ons God is *‘n Vader wat die goeie vir ons wil.*

DIE REGTE VRAAG IS BELANGRIK
**Maar wat vra ‘n mens nou as jy so ‘n blankotjek kry?**
**Jack Daniels** – die regte vraag is belangrik!
**Salomo se versoek is baie kort**. Hy vra net een ding: ‘n *horende/luisterende hart*. Die ou vertaling vertaal dit met *“’n opmerksame hart*” en Die Boodskap vertaal dit met *“wysheid”.*

**Jesus** het beloof *“Dit verseker ek julle: Wat julle die Vader ook al* ***in my Naam*** *bid, sal Hy vir julle gee.”* (Joh 16:23). **<u>Jy moet die Een ken vir wie jy vra.</u>** Sekere goed sal jy van jou pa vra, ander van jou ma (voorbeelde). Jy weet later met redelike sekerheid wat jy van elkeen kan verwag.
In die **Kruger Wildtuin** het daar vir ‘n paar nagte mense in ‘n tent naby ons s’n 'n gesin kampeer met ‘n dogter van seker so 8jr. oud. Nou het ek baie geluide in die Wildtuin gehoor wat pragtig was – fisante, hiënas, leeus wat brul, die gesing van verskillende soorte voëls - maar die mooiste klanke van almal was toe ek daardie dogtertjie saans voordat sy gaan slaap, hoor Bybel lees en bid het!

**Hoe beter jy God leer ken, hoe beter sal jy weet wat jy van Hom kan verwag.** Jakobus wys sy lesers bv daarop dat hulle bid en hulle ontvang nie, omdat hulle **selfsugtig bid (4:3)**. God verhoor nie sulke gebede nie.
**Hoe moet ons gebede dan wees?**
Ons kry in die **<u>Ons Vader gebed</u>** duidelike aanduidings oor wat ons **prioriteite** in ons gebede, maar nie net in ons gebede nie, ook in *ons lewe*

behoort te wees. Dit gaan volgens hierdie gebed van Jesus om die Naam van God wat ge-eer moet word, om sy koninkryk wat moet kom, om Sy wil wat moet geskied, om voorsiening in die basiese noodsaaklike, om vergiffenis en om verlossing van die Bose. Hiervoor kan ons maar met die *grootste vrymoedigheid* bid!

**Gebed is nie 'n kortpad of waarborg vir rykdom en voorspoed nie**. Salomo se rykdom was 'n **bonus!** Maar Jesus het belowe: "*Beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee."* (Matt 6:33). Jesus benadruk hiermee dat elkeen wie se hart **onverdeeld** op God se koninkryk fokus, die toekoms *kommerloos* kan ingaan. Ons het mos gesien dat **reinheid** is om een ding te wil; nie op twee stoele te probeer sit nie (Pavarotti). DIT is wysheid. DIT is geseënd (Matt 5:8). **Soos Salomo hoef ons dus nie te bid vir meer tyd nie**, 'n *langer lewe* nie. Dit is nie wat ons die meeste nodig het nie. Ons het wysheid nodig om die tyd wat ons *wel* het, na die beste van ons vermoë te gebruik. *"Maak die beste gebruik van elke geleentheid … probeer te wete kom wat die Here wil dat julle moet doen."* (Ef 5:16,17)
Ralph Waldo Emerson skryf: *"This time, like all times, is a very good one, if we but know what to do with it."*

Nie vir meer mag nie.
Soms dink ons ons het **'n ander posisie** met meer *mag en invloed* nodig, dan sal ons beter werktuie vir die Here wees. Die vraag is nie of jy die president of besturende direkteur is nie, maar **of jy die posisie wat jy het, gebruik om God te verheerlik.** Wat doen jy *daar waar jy werk en leef* om die koninkryk van God te bevorder? Sommige van ons is te besig om op die Wyksraad of as Dienswerker te help, maar dan moet ons nog altyd *daar waar ons so besig is,* ons lig laat skyn en meewerk aan die koms van God se koninkryk. Jesus vir Ander deur Ons - Ons kan nêrens wegkom van hierdie verantwoordelikheid nie!

Nie vir meer geld nie
Ons het ook nie **meer besittings of rykdom** nodig nie. Ons het gehoorsaamheid nodig om **dit wat ons het, die beste te gebruik sodat God se koninkryk daardeur gedien kan word**. Die vraag is nie of ek die ryk man of Lasarus is nie, maar of ek die wil van God doen, of ek 'n goeie rentmeester is met die baie of min wat Hy aan my toevertrou.

Maar vir die wysheid om die beste te maak van wat jy het
Salomo **vra nie** vir meer tyd, geld of mag nie, **maar** om die wysheid om die beste te kan maak van wat hy het – SO dat God se plan deur hom verwerklik kan word. **God skenk** dit toe aan Hom – PLUS wat hy NIE gevra het nie ook nog!

WYSHEID IS 'N PERSOON
Die wyse Salomo het in later jare **baie dom dinge** gedoen. Laat dit vir ons herinner daaraan dat Wysheid bly '*n gawe van Bo* waarvoor 'n mens elke dag van God afhanklik bly. Dit word nooit jou en my **besit** nie. ( Skyfie) **Dit vra 'n intieme leef met God.**

Die gebed om wysheid is dus meer as om net *by tye* te bid daarvoor. Dit vra dat jou lewe **een lang, ononderbroke gebed** sal wees; dat ek maw alles sal doen met 'n ingesteldheid op God en Sy eer. *"Vra julle VOORTDUREND af of iets vir die Here aanneemlik is."* (Ef 5:10)
Wysheid is in werklikheid '**n Persoon** met wie jy lewenslank in 'n **verhouding** leef. Daardie Persoon is Jesus, die Waarheid, soos wat Hy Homself genoem het (Joh 14:6).

GELEENTHEID VIR TOEWYDING
GEBED

OFFERGAWES

SLOTLIED: 284:1,2,3 Laat Heer u vrede
**SeëN**
Mag God jou seën met **goddelike wysheid** en insig, sodat jy sy wil kan onderskei.
Mag God jou seën met **goddelike krag** sodat jy in sy koninkryk diensbaar kan wees.
Mag God jou seën met **sy liefde** sodat in jou sorg vir ander mense hulle God se liefde kan ervaar. Amen.